# Eldo In Klank

## VAKKEUSE-REEKS

## Episode 8: Ekonomiese Wetenskappe

**Rekeningkunde, Besigheidstudies en Ekonomie**

## Wat is die verskil?

Rekeningkunde fokus op hoe geld binne 'n onderneming vloei, aangeteken, beheer en ontleed word. Leerders leer hoe finansiële state saamgestel word, hoe wins en verlies bepaal word, hoe ondernemings finansieel bestuur word en hoe finansiële inligting gebruik word om besluite te neem. Die vak ontwikkel akkuraatheid, logiese denke, analitiese vaardighede en die vermoë om patrone in finansiële data te identifiseer.

Besigheidstudies fokus op hoe organisasies funksioneer, bestuur en groei. Leerders ondersoek onderwerpe soos entrepreneurskap, leierskap, bemarking, menslike hulpbronne, finansiële bestuur, projekbestuur en besigheidsetiek. Die vak help leerders om die uitdagings en geleenthede van die sakewêreld te verstaan en ontwikkel besluitnemings-, kommunikasie- en bestuursvaardighede.

Ekonomie is die studie van die wêreld se interaksies met geld – hoe om geld te maak, te verloor en te belê! Ekonomie bestudeer die wêreld se algehele reaksie tot besluitnemingsprosse, die individuele reaksie van huishoudings, ondernemings en regerings tot hierdie skommelinge, asook die sosiale kwessies wat hierdie deelnemers daagliks affekteer.

## Ekonomiese Bestuurswetenskappe-mites waarvan ouers bewus moet wees!

**"Ek hoef nie Wiskunde te neem as ek Rekeningkunde goed doen nie."**

Baie van die mees gewilde BCom-grade vereis Wiskunde as toelatingsvereiste en nie noodwendig Rekeningkunde nie. Daarom kom leerders soms in Graad 12 agter dat hulle uitstekende Rekeningkundepunte het, maar nie aan die Wiskunde-vereistes van hul beoogde studierigting voldoen nie. Dit beteken egter nie dat Rekeningkunde onbelangrik is nie. Inteendeel, Rekeningkunde bied uitstekende voorbereiding vir studierigtings soos onder andere Geoktrooieerde Rekeningkunde (CA), Ouditkunde, Belasting, Finansiële Bestuur.  Die belangrike punt is dus nie Rekeningkunde óf Wiskunde nie – dit is dikwels Rekeningkunde én Wiskunde.

**"Ek moet Rekeningkunde hê om 'n BCom te studeer."**

Rekeningkunde is 'n uitstekende vak en word sterk aanbeveel vir die studierigtings soos bo genoem. Dit beteken egter nie dat Rekeningkunde die belangrikste of enigste vak vir alle BCom-grade is nie. Leerders wat studierigtings soos die volgende oorweeg, kan selfs groter waarde uit Ekonomie put as hul Ekonomie, Internasionale Handel, Ontwikkelingstudies of Bankwese studeer. Net so kan Besigheidstudies uitstekende voorbereiding bied vir rigtings soos: Besigheidsbestuur Entrepreneurskap, Menslike Hulpbronne, Bemarking en/of Projekbestuur. Die belangrikste punt is dat baie universiteite vir meeste BCom-grade in die eerste plek na Wiskunde en die leerder se APS kyk. Rekeningkunde, Besigheidstudies en Ekonomie bied elk waardevolle voorbereiding vir verskillende studierigtings, maar vervang nie noodwendig die toelatingsvereiste van Wiskunde nie.

### "Besigheidstudies is net algemene kennis."

Besigheidstudies is veel meer as bloot algemene kennis of die aanleer van feite oor ondernemings. Leerders ontwikkel vaardighede in leierskap, entrepreneurskap, strategiese beplanning, menslike hulpbronbestuur, bemarking, projekbestuur en besluitneming. Die vak bied waardevolle insig in hoe mense, geld, hulpbronne en strategie saamwerk om organisasies suksesvol te maak wat dit 'n goeie keuse maak vir 'n leerder wat reeds 'n Bcom-rigting oorweeg of indien die leerder daarvan hou om idees in aksie te omskep, mense saam te bring om 'n doel te bereik, of nuuskierig is oor hoe organisasies suksesvol raak.

### "Ekonomie is net die moeiliker weergawe van Besigheidstudies."

Hoewel beide vakke deel vorm van die Ekonomiese Bestuurswetenskappe, fokus hulle op verskillende vrae. Besigheidstudies fokus op die onderneming self – hoe organisasies bestuur word, hoe personeel gelei word, hoe produkte bemark word en hoe ondernemings groei. Ekonomie fokus op die groter omgewing waarin ondernemings funksioneer – inflasie, werkloosheid, rentekoerse, handel en ekonomiese groei.

> Dink aan 'n restaurant. Besigheidstudies vra: *Hoe werf ons personeel? Hoe verbeter ons kliëntediens? Hoe laat ons die onderneming groei?* Ekonomie vra: *Hoe beïnvloed inflasie voedselpryse? Waarom koop kliënte minder wanneer rentekoerse styg? Hoe raak werkloosheid die restaurant se verkope?*

Albei vakke vereis sterk studievaardighede en groot volumes werk. Ekonomie word egter soms as meer uitdagend ervaar omdat dit ook data-ontleding, grafiekinterpretasie en syfervaardighede vereis.

### "Rekeningkunde en Besigheidstudies is belangriker vakke om te kies as Ekonomie"

Ekonomie is besig om nasionaal en internasionaal te groei as studierigting. 'n Leerder wat nagraadse studies in enige kommersiële rigting oorweeg, gaan in hul eerste jaar Ekonomie as vak hê! Vir leerders wat 'n algemene BCom studierigting oorweeg en nog nie presies weet wat om te studeer nie, is Ekonomie beslis 'n vak om te oorweeg.

## Oorweeg komplimenterende vakpakkette

Die volgende maak die verskil in vakke prakties tot die moontlike studierigting wat leerders oorweeg:

| **Moontlike Studierigting** | **Aanbevole vakkombinasie** |
|---|---|
| Geoktrooieerde Rekenmeester (CA) | Rekeningkunde + Wiskunde |
| Finansiële Bestuur | Rekeningkunde + Wiskunde |
| Belasting | Rekeningkunde + Wiskunde |
| Aktuariële Wetenskappe | Rekeningkunde + Wiskunde |
| Beleggingsbestuur | Ekonomie + Wiskunde |
| Ekonomie | Ekonomie + Wiskunde |
| Bankwese | Ekonomie + Rekeningkunde |
| Besigheidsbestuur | Besigheidstudies + Ekonomie |
| Entrepreneurskap | Besigheidstudies + Rekeningkunde + Ekonomie |
| Bemarking | Besigheidstudies + Ekonomie |
| Menslike Hulpbronne | Besigheidstudies + Ekonomie |
| Openbare Bestuur | Ekonomie + Besigheidstudies |
| Projekbestuur | Besigheidstudies + Rekeningkunde |
| Regte | Ekonomie / Besigheidstudies |
| Eiendomsontwikkeling | Besigheidstudies + Rekeningkunde |
| Markanalis | Besigheidstudies + Ekonomie |
| Internasionale verhoudinge | Ekonomie |

**Moontlike Studierigting**

Toerisme

**Aanbevole vakkombinasie**

Toerisme + Rekenaartoepassingstegnologie + Besigheidstudies en/of Ekonomie

## 'n Praktiese Vergelyking

| Vraag | Rekeningkunde | Besigheidstudies | Ekonomie |
|---|---|---|---|
| **Waaroor gaan die vak?** | Geld binne 'n onderneming. | Die bestuur van 'n onderneming. | Die ekonomie rondom ondernemings. |
| **Wat doen jy die meeste?** | Bereken, ontleed en interpreteer finansiële data. | Bestudeer ondernemings, bestuur en entrepreneurskap. | Ontleed ekonomiese tendense en gebeure. |
| **Sterk leerderprofiel** | Akkuraat, georganiseerd en detailgerig. | Kreatief, leierskapgerig en mensegerig. | Nuuskierig oor nuus, politiek en wêreldgebeure. |
| **Vereis Wiskunde?** | Help baie. | Nie noodwendig nie. | Ja, veral vir verdere studie. |
| **Vereis baie leeswerk?** | Matig. | Hoog. | Hoog. |
| **Vereis probleemoplossing?** | Ja, finansiële probleme. | Ja, besigheidsprobleme. | Ja, ekonomiese probleme. |
| **Werk jy meer met syfers of idees?** | Hoofsaaklik syfers. | Hoofsaaklik idees en mense. | Mengsel van syfers en idees. |
| **Pas goed by hierdie tipe leerder** | Die ontleder. | Die entrepreneur. | Die strateeg. |
| **Loopbaanvoorbeelde** | Rekenmeester, ouditeur, finansiële bestuurder, belastingkonsultant. | Entrepreneur, bestuurder, bemarker, HR-spesialis. | Ekonoom, Markanalis, Internasionale Verhoudingbestuurder, Toerisme-sektor bestuurder |

## Hoe maak ek die belangrike keuse?

Leerders kies in Graad 10 drie keusevakke, maar Besigheidstudies ook as 'n agtste vak geneem word. Dit beteken dat 'n leerder die geleentheid het om Rekeningkunde, Besigheidstudies én Ekonomie saam te neem en sodoende 'n volledige ekonomiese vakpakket te volg. Indien 'n leerder 'n meer gebalanseerde vakpakket wil saamstel, kan die volgende leerderprofiele help om die verskille tussen die vakke beter te verstaan.

**Kies Rekeningkunde:**

**"Ek hou daarvan dat dinge akkuraat en reg moet wees. Ek geniet syfers, patrone en finansiële probleemoplossing."**

Rekeningkunde is 'n goeie keuse wees indien jy moontlik loopbane soos geoktrooieerde rekening-kunde, ouditkunde, belasting, finansiële bestuur, beleggingsbestuur, bankwese, forensiese rekeningkunde of risiko-bestuur oorweeg.

**Kies Besigheidstudies:**

**"Ek stel belang in mense, leierskap, entrepreneurskap en hoe organisasies suksesvol word."**

Besigheidstudies is 'n goeie keuse wees indien jy moontlik loopbane soos besigheids-bestuur, entrepreneurskap, bemarking, menslike hulpbronne, projekbestuur, verkope, gebeurtenisbestuur of voorsieningskettingbestuur oorweeg.

**Kies Ekonomie:**

**"Ek wonder gereeld hoe wêreldgebeurtenisse my affekteer, hoe ek slim met my geld kan werk en hoe my toekoms gaan lyk in hierdie land."**

Ekonomie kan 'n goeie keuse wees indien jy moontlik loopbane soos ekonoom, beleggings-ontleder, finansiële ontl-eder, bankier, inter-nasionale handelspesialis of ontwikkelings-ekonoom oorweeg.

## Vir meer inligting:

**REKENINGKUNDE:**
Mnr. Joggie du Preez
(joggie@hseldo.co.za)

**BESIGHEIDSTUDIES:**
Me. Elné Otte
(ottee@hseldo.co.za)

**EKONOMIE:**
Me. Carla Fourie
(fouriec@hseldo.co.za)

# Eldo In Klank

## Episode 8: Ekonomiese Wetenskappe

VERVUL JOU ROEPING